

BEKNOPTE OORSIG: STAD KAAPSTAD 2017-HERSIENING VAN MUNISIPALE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (MSDF)

Die Stad is daartoe verbind om 'n meer inklusiewe, geïntegreerde en lewenskragtige stad te bou wat die nalatenskap van apartheid aanspreek, bestaande wanbalanse in die verspreiding van verskillende soorte residensiële ontwikkeling regstel en die skep van nuwe strukturele wanbalanse in dienslewering verhoed. Die sleutel tot hierdie ruimtelike transformasie is vervoer-gerigte ontwikkeling (TOD) en gepaardgaande verdigting.


'n Munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk (MSDF) het 'n 10-jaar visie wat na vyf jaar hersien word en wat met die Stad se geïntegreerde ontwikkelingsplan (IDP) se nuwe politieke ampstermyn saamval.

Hierdie hersiening van die Stad Kaapstad se ruimtelike ontwikkelingsraamwerk is om toe te sien dat dit in pas is met die 2017-2022-IDP en die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur (SPLUMA), 2013.

In Suid-Afrika is die uitdagings van verstedeliking vererger deur die apartheidsnalatenskap van ruimtelike beplannings van apartheid, wat 'n gefragmenteerde stedelike vorm gegrond op ras en inkomste agtergelaat het waar baie inwoners van ekonomiese geleenthede en plaaslike ekonomiese investering afgesny is. Die IDP en SPLUMA, is gegrond op ontwikkelingsbeginsels wat fokus op geïntegreerde, inklusiewe en doeltreffende stedelike vorm en 'n beboude omgewing wat hierdie sosio-ekonomiese wanbalanse en ruimtelike fragmentering regstel.

SPLUMA het die beginsels van ruimtelike transformasie, inklusiwiteit, toeganklikheid en ontwikkeling ter ondersteuning van werkskepping en 'n instaatstellende omgewing vir die verbetering van lewensgehalte vasgestel.

By hierdie beginsels, het die Stad se IDP 11 transformasiebeginsels gevoeg wat kliënt-gerigte, prestasie-gerigte dienslewering en die skep van geïntegreerde gemeenskappe ondersteun.



Hierdie transformasieprioriteite vorm die strategiese grondslag vir 'n MSDF-hersiening wat ruimtelike transformasie en regstelling rig deur doelgerigte investering en implementering gegrond op 'n vervoer-geöriënteerde (TOD)-ontwikkelingsfilosofie.

Dit is duidelik dat die nalatenskap van die verlede nie aangespreek en getransformeer sal word nie tensy die Stad 'n proaktiewe en innoverende benadering volg. Herstrukturering van die stad op 'n manier waarop behuisings-, vervoer-, ontspannings- en werkgeleenthede vir almal op 'n billike wyse beskikbaar is, is die kernboodskap van die Stad se nuwe ontwikkelingsbenadering.

Die Stad se vervoer-geöriënteerde ontwikkeling (TOD)- strategiese raamwerk wat in 2016 goedgekeur is en die TOD-omvattende grondgebruikmodel is belangrike bronne vir hierdie MSDF en staan die volgende voor:

- strukturering van die toekomstige stedelike vorm en funksie van die Stad rondom die bestaande en opkomende openbarevervoernetwerk en spesifiek die 98 spoorwegstasies en 42 bussnelvervoer (BRT)-haltes;
- vermindering van stedelike spreid en skep van meer behuisingsgeleenthede in toeganklike liggings met 'n fokus op integrasiesones en 'n stedelike binnekern;
- optimalisering van verwante toekomstige grondgebruik en vervoerdoeltreffendheid;
- verbetering van die strukturele en hulpbrondoeltreffendheid van die stad deur byvoorbeeld vermindering van die tyd, koste, afstand en CO₂-vrystellings wat met daaglikse pendel gepaardgaan.

Die MSDF behou drie ruimtelike strategieë, naamlik:

Bou van 'n inklusiewe, geïntegreerde, lewenskragtige stad

Sleutelverbintenisse is om bestaande wanbalanse in die verspreiding van verskillende soorte residensiële ontwikkeling aan te spreek en die skep van nuwe strukturele wanbalanse in dienslewering te verhoed. Die gewenste uitkomst is 'n groter verskeidenheid inkomstegroepe, grondgebruike, bevolkingsdigthede en die genoegsame en billike voorsiening van sosiale fasiliteite, ontspanningsruimtes en openbare instansies.

Bestuur van stedelike groei en skep van 'n balans tussen stedelike ontwikkeling en omgewingsbeskerming

Die Stad is aktief in die bevordering van 'n stedelike vorm met hoër digthede en gemengdegrondgebruikspatrone binne 'n stedelike binnekern, ondersteun deur 'n omvattende en doeltreffende bussnelvervoer (BRT)- en spoornetwerk. Deur middel van hierdie vorm, wil ontwikkelingsuitkomst soos volhoubare gebruik van grond en natuurlike hulpbronne, laer koolstofvrystellings, meer doeltreffende benutting van infrastruktuur en doeltreffende en doelmatige openbarevervoerstelsel en sosiale geriewe bereik word.

Beplanning vir indiensneming en beter toegang tot ekonomiese geleenthede

Kaapstad se huidige en toekomstige ruimtelike vorm en funksie moet die stad se onmiddellike en langtermyn-ekonomiese vooruitsigte steun en nie belemmer nie. Die mate waartoe Kaapstad se ruimtelike ontwikkelingsdoelwitte bereik word, hou regstreeks verband met sy vermoë om werkskeppende ekonomiese groei in die medium termyn te bereik en om die toegangskoste vir stedelike armes te verminder.

Op die grondslag van die metodologie en beginsels wat hierbo beskryf word, is die MSDF-hersiening 'n respons op die veranderde omgewing in beplanningsregulering deur:

- Die grondslag te bied vir verskerpte (dus digte en diverse) en geïntegreerde ontwikkeling en grondgebruik in 'n stedelike binnekern (wat integrasiesones insluit);
- Identifisering van gebiede waar die Stad sy investering moet toespits om ruimtelike transformasie te bereik en / of waar vervoer-geöriënteerde investering bevorder behoort te word;
- Identifisering van stedelike bestuursbehoefte en -prioriteite;
- Voorsiening van 'n raamwerk vir aansporings aan die privaat sektor en vennootskappe om die Stad se doelwitte vir ruimtelike transformasie te bereik;
- Bevordering van hulpbrondoeltreffendheid; en
- Weerspieëling van verandering in Stadbeleid wat die beboude omgewing raak.